SAKE 24 (Beeld)
08 Nov 2011, p.5

SACMH wil SEB-vlak herstel ná JSW-transaksie

South African Coal Mining Holdings (SACMH) wil teen Maart nuwe swart vennote betrek nadat die Indiese JSW Energy die Bafokeng-stam se belang uitgekoop het. 'n "Aantal potensiële kandidate" het SACMH reeds genader.

Waar moontlik sal die Bafokeng se vroeëre aandeelhouding van 32% geëwenaar word met die nuwe swart vennote.

Die JSW sal voor jaareinde 'n besluit van die oornameregulieringspaneel in die hooggeregshof betwis. JSW is in April opdrag gegee om sy aanbod aan minderheidsaandeelhouers in SACMH van 30c tot 38,6c te verhoog.

Die Indiese groep het verlede jaar, ná 'n kort bod-oorlog, 'n 63%-belang in SACMH teen 30c per aandeel gekoop wat lei tot 'n outomatiese aanbod aan minderheidsaandeelhouers.

– Sens